# *Filateliese Outobiografie*

**Herman van Niekerk**

**Inleiding.** Oor 'n tydperk van meer as 50 jaar is ek reeds betrokke by die versameling van posseëls en dikwels het spesifieke items my herinner aan die een of ander gebeurtenis op my lewenspad. Aangesien ek nou na die sewentigs bereik het, het ek besluit om sodanige opskrywing te doen.

**Doel.** Die doel van hierdie uitstalling is om 'n **kort** oorsig te gee van my pad deur die lewe deur gebruik te maak van Filateliese items.

**Bestek.** Die uitstalling begin by die oorsprong van my belangstelling in filatelie. Van my ouma, na my oorlede Vader, na my. Vandaar begin ek by my geboorte plek (Edenvale/Johannesburg) gevolg deur my skoolloopbaan (Vierfontein). Dit word opgevolg met my tydperk as dienspligtige in die S.A. Leër (Oudtshoorn) en my daaropvolgende opleiding as offisier (Saldanha). Daarna begin my loopbaan as offisier in die Staande Mag en wel in Upington (8 Suid-Afrikaanse Infanterie Bataljon [8 SAI Bn]) en vandaar na Kimberley (Danie Theron Krygsskool [DTKS]) gevolg deur Kommandement Noord-Kaap [Kmdmt NK]), dan na Nelspruit (Kommandement Oos-Transvaal [Kmdmt OTvl]) gevolg deur my tydperk in Oos-Londen (Groep 8) en dan my finale jare in Pretoria (S.A. Leër Hoofkwartier [S.A. Leër HK]). In 1998 tree ek af met Pensioen en ek sluit af met my gesin en hul raakvlakke met filatelie.

**Uitleg.** Die uitstalling word toegelig met filateliese items in die vorm van seëls, koeverte (gesensor, kommersieel, herdenking, dag van uitreiking en geregistreerd) en posstempels (kansellasies). Verder word gebruik gemaak van oorspronklike foto's, militêre medaljes, skouer flitse, koerant uitknipsels, 'n oorspronklike sertifikaat en amptelike miniatuur medalje asook 'n sportmedalje en lap wapen. In elke dorp/stad lig en die belangrikste kenmerke en gebeurtenisse uit tydens my tydperke aldaar. Items met rooi rame (1987 "Woord" [Gestop vanweë geloofsbesware]) op bladsy 29, 4 November 1910 Unie van S.A. seël met Uitenhage stempel, die dowwe olyf groen £1 van die Unie van S.A. en getekende Geregistreerde koevert van Victoria Wes 1932 (waarvan, sover bekend, weinig beskikbaar is) op bladsy 30, is skaars items. Filatelie-items word in Romeinse skrif in *"Italic"* beskryf.

**Inhoudsopgawe**

Vanwaar Filatelie?. Ouma en Pa – bladsy 2-4
Edenvale/Johannesburg. Plek van geboorte – bladsy 5
Vierfontein. Skooljare – bladsy 6-10
Oudtshoorn. Diensplig en operasionele ontplooiing – bladsy 11-12
Saldanha. Offisiersopleiding – bladsy 13-14
Upington. Loopbaan begin – bladsy 15-17
Kimberley. DTKS en Kmdmt Noord-Kaap – bladsy 18-21
Nelspruit. Kmdmt Oos-Transvaal, Weermag sport en jag – bladsy 22-26
Oos-Londen. Groep 8 – bladsy 27
Pretoria. S.A. Leër HK – bladsy 28
Pensioen. Bybelstudie, Filatelie – bladsy 29-30
My Gesin – bladsy 31-32

**Bronne**

Familie Foto Album.
The South African Stamp Colour Catalogue, Edition 37, 2023-2025, Tracinda Publications (Pty) Ltd. (afgekort as SAKK)
Stankey Gibbons Simplified Catalogue, Stamps of the World in Color, 2004 Edition, Stanley Gibbons, London and Ringwood. (afgekort as SG)
Postmarks of South Africa, Ralph F. Putzel R.D.P.S.A. gepubliseer deur Ralph F. Putzel,Tokai, Weskaap.
Fotos: Vriende, Elize van Niekerk en amptelike foto's.
Nota: Afkortings word hierbo aangedui waar van toepassing.

# *Vanwaar Filatelie?*

My seëlversameling het begin by my Ouma. Daarna is alles na my pa, en van my pa af het ek voortgegaan met dit en met wat ek reeds versamel het. Dit wil voorkom asof ouma met vriende in Suid-Amerika gekorrespondeer het.



**Foto bo:** Ouma Bettie. Mev E.J.A. (van Niekerk) Mostert.
Foto: Amptelik.




***Koevert hierbo:*** *My grootouers se adres in Edenvale. Masjien kansellasie van Germiston 17.2.1947, tyd 17:00.*




***Hierbo:*** *Paraguay SG 1952 Tipe 200 Columbus Gedenk Ligtoring No 702 5c blou.*




***Hierbo:*** *Uruguay SG 1930 Tipe 159 Verskeidenheid 5c blou "Lady Liberty and Flag".*







***Hierbo:*** *Die seëls hierbo kom uit my ouma se versameling: SG 1958 Tipe 1, ongeperforeerd. Van bo na onder Vlnr: 4r bruin, 1 (IN) p bruin, 1 (IN) p blou, 1 (TO) p blou, 2p blou, 3p groen, 4p rooi, 5p geel (herdrukke – o.a. drom effek).*

Op 17 jarige ouderdom sluit my pa by die Suid-Afrikaanse Weermag aan as vrywilliger en neem deel aan WO II. Nadat hy teruggekeer het, het hy voortgegaan met ouma se seëlversameling – ideale terapie.

***Hier onder:*** *'n Poskaart van Egipte van my pa aan sy ouers. Links op die poskaart is my pa en regs sy vriend Hugo.*




***Seëls hier onder:*** *SAKK Unie van S.A. 1942-1944. Oorlog deelname, verklein in pare. Perf. ongeveer 14. Stroke van drie. Perf. 15x14 onderverdeel deur roelet 6 ½. Wmk. Veelvuldige Springbok kop met die kop sywaarts op 3d, 4d en 1s.* ***Almal gestempel in Egipte 1944.***




Die 1939–1945 Ster (links) en die Afrika Ster Medalje (regs) toegeken aan Britse en Statebondsmagte vir diens in die Tweede Wêreldoorlog en spesifiek in Egipte onderskeidelik.























***Regs:*** *Brief gepos in Egipte 1942 gemerk "Te Velde" met sensor stempels "Deputy Chief Field Censor" en "Passed Censor No 4966".*






**Bo:** Die Afrika Ster Medalje toegeken aan lede van Statebond Lande wat in Noord-Afrika diens gedoen het tydens die 2de Wêreld Oorlog 1939-1945.

***Regs:*** *Lugpos briefrkaart gepos in Egipte 1945 met "RAF Censor 367"stempel.*




***Seëls regs:*** *Italië SG 553-558, Italië-Duitse Vriendskap, 10c, 20c, 25c, 50c, 75c en 1Lire 25c. Hitler en Mussolini.*







# Edenvale/Johannesburg

**Plek van Geboorte.** Op 26 Sep. 1955 is ek gebore in Edenvale/Johannesburg. Die seëls hieronder is uitgereik op 25 Sep. 1986 (30 jaar later) as deel van 4 seëls om die Goue Stad in die RSA te herdenk. 'n Herinnering aan die grondstrate van Edenvale (voorstad van Johannesburg) waar ons gedurende my eerste 5 jaar tuis was.




***SAKK:*** *1986 25 September 1986. Die Goue Stad. Geen watermerk. Perf. 14. Uitgereik in 14, 20, 25 en 30 sent. Die 14c* ***links*** *en 25c* ***regs*** *dui die ou en toe moderne Johannesburg aan.*





***Hierbo:*** *Posstempel van Johannesburg – masjien kansellasie – 14:00 25-IX-1955 – tyd 16:00* – een dag voor my geboortedag.

**Foto Regs:** My eerste dag skool toe.



**Ons Verhuis.** In Julie 1960 verhuis ons na **Vierfontein Kragstasie** waar ek die eerste jaar van my skoolloopbaan voortsit in 'n plaasskooltjie op Vierfontein stasie.

***Onder:*** *Posstempelvan Johannesburg – 11:00 7-VII-1960.*




# Vierfontein

***Koevert Regs:*** *Selfgemaakte eerste dag koevert wat my pa aan homself geadresseer het. Bourketon kansellasie, 7 VII 69, tydkode A, toonbank 1. Putzel nr. 1.*

***Seëls op die koevert regs:*** *SAKK 7 Julie 1969 ter herdenking aan die eerste hartoorplanting en die 47ste SA Mediese Kongres. Watermerk RSA tête-bêche, perf. 13¾ x 14 (2½c), 15 x 14 (12½c).*

**Foto Onder:** Die huis op Vierfontein waar ons gewoon het. Foto: Elize van Niekerk 2016.









***Bo:*** *SAKK 1973 1 Februarie. 50ste Herdenking van Eskom. Geen Watermerk. Perf. 12x12½ 4c en 12½ vir ander. Die 5c en 15c uit 'n stel van drie wat die 4c insluit.*

**Vierfontein Kragstasie.** Die kragsentrale **(regs)** was reg oorkant die straat waarin ons gewoon het. Die koeltorings (wat nou gesloop is) kon van ver op pad vanaf Orkney na Bothaville, Viljoenskroon en na Vierfontein gesien word. Die kragpale het ook voor ons huis oorkant die straat verby geloop. Dit staan nog steeds daar. Die stukkie veld oorkant die straat was ons gunsteling "rugbyveld", veral Saterdae nadat ons na 'n wedstryd wat oor die radio uitgesaai was, geluister het.
Foto: Elize van Niekerk





**Bo: Ben Havemann Hoërskool.** Die skool waar ek vir 11 ½ jaar skool gegaan het. Die skool was in Februarie 1961 amptelik geopen. Ons was bevoorreg om dieselfde jaar Republiekwording by die skool te vier. Foto: Elize van Niekerk

***Onder:*** *'n Brief vanaf Poskantoor Bourketon na Bloemfontein. Die seël – SAKK 1961 14 Februarie. 2 ½ c uit die vaste reeks met die oorskakeling na Rand en sent. Watermerk Wapenskild en perforasie 15x14. Stempel van Bourketon 12.V.61 – tyd kode B – toonbank 2 – Putzel no. 1a.*



**Skoolsport.** Die liefde vir sport was maar altyd deel van my lewe, maar omdat ek tingerig was as kind was die eerste drie plekke in atletiek buite my bereik. Deur volharding kon ek egter daarin slaag om in my laaste skooljaar (1972) te kwalifiseer vir die Interhoër Atletiek Byeenkoms in Kroonstad om die skool in hoogspring te verteenwoordig.




*Links: Hoogspring – Hestri Cloete. SAKK 2001 28 Februarie. SA Sporthelde 1994 -2000. Gedruk deur House of Questa. Geen Wmk. Perf. 13 ½ x 14.*

*Regs: SG – Poland – No. 1514 – 1964 – Olimpiese Spele Tokio.*




*Regs: Atletiek in die RSA. SAKK 1992 24 Julie. Sport. Geen Wmk. Perf. 14x 14½.*







*Links: SG – Tsjeggiese Sloweens – No. 1163 – 1960 Olimpiese Spele Rome.*



**Foto hierbo:** Atletiek in die somer en rugby in die winter. Aanvanklik vleuel toe heelagter en later flank, agsteman en selfs haker. Teen einde 1972 word ek aangestel as die skool se eerstespan kaptein (heelagter). In die foto hierbo sit ek tussen Mnr de Waal (afrigter) aan my linkerkant en Mnr van Vuuren aan my regterkant. Foto: Amptelike skoolfoto.







My gunsteling rugbyspeler was Mannetjies Roux. Wie sal nou Mannetjies se sierlike duik vergeet.

*Links: SAKK 1964 8 Mei. 75ste Herdenking van die S.A. Rugby Raad. Wmk. RSA. Perf. 14x15 of 15x14.*
*2½c Springbokwapen*
*12½c Rugbyspeler.*




**Bo: PK Vierfontein.** Aanvanklik by die spoorwegstasie geleë. Skuif na Vierforntein Kragstasie en staan bekend as Poskantoor Bourketon (vernoem na ene Mnr Bourke vorige grondeienaar). Later weer verander na PK Vierfontein.




***Onder:*** *Geregistreerde koevert vanaf Vierfontein. Posstempel – 10.III.61 – Putzel no. 8. Tyd kode A.*
***Regs:*** *Bourketon posstempel – 12.VIII.65 – toonbank 2. Putzel no. 1a.*
***Links:*** *Vierfontein posstempel – 18.VII.91 – Putzel no. 9.*

Tans is die poskatoor op Vierfontein gesluit en word die pos uit 'n woonhuis naby die spoorwegstasie gesorteer en versprei omdat die vrou wie in beheer is van die pos 'n gestremde kind het om na om te sien.









**NG Kerk Vierfontein. Hierbo:** Die NG Kerk op Vierfontein waar ek in 1972 voorgestel en aangeneem is.




***Links en Regs:*** *SAKK 1967 31 Oktober. 450ste Herdenking van die Reformasie. Watermerk R.S.A. Wys regs op 2 ½ c en sywaarts "tête bêche" op 12 ½ c. Perforasie 14x15.*




***Onder:*** *Koevert van die Ned. Geref. Kerk Vierfontein gepos aan die N.G. Kerk-Uitgewers in Kaapstad. Seël SAKK 1954 14 Okt. 2d van vaste reeks. Watermerk Veelvuldige Springbok kop. Perf. 15x14. Stempel – 24.II.59 – tyd kode A. Putzel no. 1a.*



# Oudtshoorn

**Diensplig:** Op die 7de Januarie 1973 begin ek met Nasionale Diensplig te 1 Suid-Afrikaanse Infanterie Bataljon (1 SAI Bn) in Oudtshoorn.





**Links:** Die skouerflits van 1 SAI Bn.


**Foto regs:** Wasgoed was en knope aanwerk moes ek maar self doen. Foto: 'n Vriend met my Kodak mik-en-druk.




***Onder:*** *Gedenk koevert – SWA – Ingebruikneming van fisiese hooflyn telefoonroete vir Caprivi, met afstand van 522km tussen Rundu en Katima Mulilo.* ***Seël:*** *SAKK - - SWA no. 453. 1 Apr. 1985. Addisionele waarde. Geen wmk. Perf. 14.*
***Stempel*** *– Katima Mulilo – 1985-09-05 – Putzel SWA no. B 5.*
***Kaart op koevert*** *- Junie 1973 ontplooi ons vir operasionele diens in die Oos Caprivi (Singalamwe, noord van Kongola).*



***Onder:*** *Stempel van 2 Sub-Area – Katima Mulilo. Masjien kansellasie – Pretoria, 24/3/76.* Hierdie gebied het beide die Oos- en Wes-Caprivi ingesluit. Op 27/3/76 eindig Op Savanna.




## *Heidelberg*




In Jul. 1973 word ek genomineer vir offisiers opleiding, keer terug na die RSA, attesteer in Heidelberg (Leërgimnasium) doen Staande Mag Basiese Opleiding.

***Links:*** *Dank vir bywoning van begrafnis- koevert met Heidelberg masjien kansellasie (5 golwende lyne). Datum 13 VI 57en tyd 10:30.*

***Onder:*** *Amptelike koevert geadresseer aan die Bevelvoerder Heidelberg Kommando met 'n stempel van die Dept. van Verdediging en 'n Theodon (2402)kansellasie gedateer 8 II 85. Die THEODON poskantoor is op die 27 September 1971 geopen binne die militêre basis in Heidelberg. Die militêre basis was voorheen die Heidelberg Normaalkollege waarvan Theo Dönges die eerste hoof was.*



# Saldanha

**Offisiersopleiding.** Na afloop van ons basiese opleiding word ons kandidaat offisiere en vertrek ons na die Militêre Akademie in Saldanhabaai vir vormingsopleiding vir offisiere.




**Bo:** Die skouerflits van die Suid-Afrikaanse Militêre Akademie



**Foto hierbo regs:** Die Hoofgebou van die Militêre Akademie.

***Koevert hier onder:*** *'n Geregistreerde pos koevert (Wit plakker "Saldanha No 734")met dubbel ring kansellasie gedateer 5 May 76 in die oggend en gerig aan die SA Mediese Instituut in Johannesburg. Die posgeld is 19c en die seëls op die koevert is deel van die tweede vaste reeks van die RSA, SAKK No 366 en 367(9c en 10c), Perforasie 12 ½ met geen watermerk. Die posbus no1038 is in die Johannesburg poskantoor aangebring met potlood. Die stempel agterop is dieselfde as die een voor op die koevert.*




**Leierskap:** As deel van leierskap opleiding by die akademie het ons twee staptoere meegemaak.



**Links:** Oor die Swartberge en deur die Gamka vallei (Die Hel) waar ek die voorreg gehad het om

**Regs:** *die Disa in sy natuurlike vorm te sien. Die seël van die Disa(25c) is deel van – SAKK 1981 11 Sep. Tiende Wêreld Orgideë Konferensie. 5, 15, 20 en 25c. Geen Wmk. Perf. 14.*



**Links:** Die tweede staptoer was oor die Cederberge waar ek die voorreg gehad het om tot by die

**Regs:** Maltese Kruis te stap. *Die seël van die Maltese Kruis is deel van – SAKK 1986 20 Nov. Natuurskoon. Geen Wmk. Perf. 14.*




**Hier onder:** 'n Poskaart van die Matese Kruis in die Cederberge.



# Upington

**Ons word Offisiere.** In Julie 1975 ontvang ons kommissierang en word ek en nog 2 lede verplaas na 8 Suid-Afrikaanse Infanterie Bataljon in Upington in die Noordkaap.



**Bo:** Skouerflits van 8 SAI Bn.



**Bo:** 8 SAI Bn Hoofkwartier.




***Links:*** *Stempel van Upington - 25.8.76 – Tyd 14:00. Putzel No. 34.*

***Onder:*** *'n Geregistreerde pos koevert (Wit plakker "Upington No 3250") 18 Junie 1977 gerig aan die Registrateur UNISA. Die posgeld is 19c. Geen stempel op keersy.*






***Hier bo::** SG Angola 1955 no. 514 – Kaart van Angola.*

***Regs:** Uitknipsel van die Uniform koerant van die SA Leër wat handel oor 'n noue ontkoming wat ek en my troepe beleef het.*

Uniform 3 Mei 1976

# Escape from shell-fire

**WHILE under artillery bombardment, an infantry combat patrol fell flat, rose and moved forward, eventually reaching the other side safely.**

This was the experience of a small group of men from 8 SAI under the command of 2 Lt H.A. van Niekerk.

According to Lt van Niekerk on 31st December his patrol had to move under difficult circumstances across a swamp which was about 1 km wide. The swamp was so deep that some of the men occasionally disappeared under water.

It was decided, however, to proceed on patrol. They went to a hill where an observation post had to be established.

When the men eventually reached the hill, it was already dark and they spent the night at the foot of the hill.

Early the following morning, 2 Lt van Niekerk and two of his men started climbing the hill. It was misty, and the summit was solid rock. The men had to use rifle-slings and ropes to reach the top.

They stayed on the summit till about 10h00 when the mist started clearing. According to 2 Lt van Niekerk, they had already heard vehicles at 07h00 but could not see anything because of the thick mist. After 10h00 another five men were summoned to the hill. With 2 Lt van Niekerk and his two men they were to establish the observation post.

When they reached the top, 2 Lt van Niekerk started moving downhill to the rest of the men.

"I was barely halfway down when the first shell was fired."


Meanwhile, the enemy proceeded with a heavy barrage on the hill and in the vicinity of the men. According to 2 Lt van Niekerk, he then decided to move his men out of range.

"We moved while shells burst over us. It was a matter of falling flat and moving forward in spurts. After a barrage of twelve shots, the enemy fire stopped".

Of their miraculous escape, Lt van Niekerk says today : "It was heavy fire. We survived unscratched only with help from Above".

Tussen 1975 en 1980 was ons eenheid meestal ontplooi met ons hoofkwartier te Ondangwa.

***Onder:** Kommersieel gebruikte koeverte van die Onamagongwa Stadsraad met 'n Ondangwa kansellasie gedateer 31 Januarie 1979.*




**Volgende Blad:** Die Pro Patria Medalje (miniatuur) en sertifikaat vir (toe nog) meer as 90 dae ononderbroke operasionele diens ter Voorkoming of Onderdrukking van Terrorisme. *Die seël- SAKK 1984 15 May. No 577 - 11c. Deel van vier seëls oor Militêre Dekorasies bestaande uit 11, 25, 30 en 50c seëls. Geen Wmk. Perf. 14.*






REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# TOEKENNINGSERTIFIKAAT

HIERBY WORD GESERTIFISEER DAT DIE



## Pro Patria-Medalje

(MET CUNENE-GESPE)

TOEGEKEN IS AAN

71428312PE 2 LT HERMAN ARNOT VAN NIEKERK

**Vir Diens ter Verdediging van die Republiek of ter Voorkoming of Onderdrukking van Terrorisme**

VERDEDIGINGSHOOFKWARTIER
PRETORIA
4 Februarie 1977

(R. A. EDWARDS) VISE-ADMIRAAL
pp
HOOF VAN DIE SA WEERMAG: GENERAAL

# Kimberley

Op 7 Januarie 1981 meld ek aan by my nuwe eenheid te wete Danie Theron Krygskool waar ek tot September 1986 hoofsaaklik instrukteur, adjudant en toe weer instrukteur diens gedoen het.




*Bo: Koevert met masjien kansellasie van Kimberley gedateer7 Januarie 1981 – tyd 07:00.*



Links: Skouerflits van Danie Theron Krygskool (DTKS).

*Onder: Gedenkkoevert uitgereik deur die SA Leërstigting vir die 21ste herdenking van Danie Theron Krygskool (1 November 1967). Toon die standbeeld van Danie Theron en skouerflitse van DTKS en Kommandement Noord-Kaap. Geteken deur Kol. C.J. Bornman. Kansellasie: Kimberley, 1 November 1988.*





**Links:** Instruksie te velde. Hier hou ek (staande) toesig terwyl die studente druk besig is met voorbereiding vir hulle taak.




**Regs:** Ek neem diestudente na Magersfontein waar Fiona Barber (verbonde aan die museum) hulle voorlig oor die slag van Magersfontein.

In 1984 word ek afgedeel na Rundu in 2 Militêre Gebied Suid-wes Afrika.

***Onder links:*** *Koevert met die stempel van 2 Militêre Gebied gedateer 31 -10 – 1978.*

***Onder regs:*** *Rundu kansellasie gedateer 8-11-1989. Seëls - SAKK SWA 1980 1 Okt. No 371, 30c.*







**Studente Vriend.** Een van die kursusse wat my tot vandag toe bybly is toe ek die studentevriend was van 'n Chinese offisier van Taiwan (Maj. Gi Ku Hun of te wel Petrus Gi). Ons besoek die Kangogrotte en word lede van die Grotkruipers van Suid-Afrika omdat ons tot in die Echo Grotte gekruip het.






*__Seël bo:__ SAKK RSA. Uitgereik op 13 November 1978 onder die tema Toerisme in S.A. Geen watermerk en Perf. 12½. Een van 'n reeks van vier seëls wat o.a. die Kangogrotte uitbeeld.*

**Foto bo:** Vlnr: Student van Uruguay, die uwe en Maj Petrus Chi heel regs.




***Koevert bo**: Op 22 Des 1984 stuur Petrus vir my 'n bedankingbrief vanaf die Republiek van China (Taiwan) om my te bedank vir hulp tydens die kursus. Die seëls op die koevert is uitgegee in 1978. Tipe 306 (Stanley Gibbons). Dit dui die Taiwannese vlag aan (5x2 Silwer Yuan).*






Sept.1986 word ek verplaas om die HK Eenheid van Kmdmt NK in Kimberley te stig.
***Bo:*** *Masjien kansellasie met slagspreuk van Kimberley gedateer 31-VII-1986 en tyd 09:00.*
**Regs:** Skouerflits Kmdmt NK ontwikkel deur HK Eenheid Kmdmt Noord-Kaap.



**Bo:** Lt Kol Van Niekerk (middel), AO1 Somers (links) en Staf-sersant Hopley (regs) begin die stigting van Kmdmt NK HK Eenheid. In 1987 raak ons betrokke by die Gesamentlike Operasie Sentrum in Douglas tydens die vloedramp van daardie jaar.
***Onder:*** *Koevert met masjien kansellasie van Kimberley met slagspreuk "FLOOD DESASTER – VLOEDRAMP" gedateer 1-II-1988 en tyd 11:30. Posgeld 16c.*



# *Nelspruit*

Verplaas na Nelspruit en begin diens by Kmdmt Oos-Transvaal as SO1 Gesamentlike Bestuur.




**Regs:** Skouerflits van Kmdmt O-Tvl.

Des. 1994 word ek verplaas na HK Kmdmt Oos-Transvaal.

*__Onder:__ Koevert met masjien kansellasie (PAID/BETAAL) van Nelspruit gedateer 5-XII-1994. Standaard posgeld. Seël SAKK RSA No.829 – sesdevaste reeks.*



*__Bo:__ 'n Geregistreerde pos koevert (Wit plakker "Nelspruit 6 No 09055") met kansellasie gedateer 1989-04-12 en tyd 08:30 en gestuur na Pretoria. Die posgeld is 18c en die seëls op die koevert is deel van die vyfde vaste reeks van die RSA, SAKK RSA No 669 en 673(2c en 16c), Perforasie 14 met geen watermerk. Die posbus no. 4809 is in die Pretoria poskantoor aangebring met pen. Die stempels agterop is dieselfde as die een voor op die koevert.*



# *Weermag Sport*

**Karate.** Die kuns van leë hande gevegskuns het my van jongs af beïndruk en ek verwerf Shodan en Oos-Transvaal Kleure in 1994. Kommandement Oos-Transvaal was in 1994 versoek om die Oos-Transvaal JKA Kampioenskappe aan te bied.




Dit was 'n groot sukses. Let op die ruiker op die medalje tafel **heel onder**. Dit was gedoen in die vorm van die JKA wapen **links**. Die Goue medalje het ek verwerf vir Kata.


**Foto onder:** Vlnr: Die uwe, Voorsitter Kmdt O Tvl Karate, Kol en Mev Dewald Swart (Voorsitter Kommandement Oos-Transvaal Sport, Sensei George Love, Nelspruit Karate Dojo en Sensei Tom Dreyer, Malelane Karate Dojo. Fotos: Amptelik










Vanjaar se Veteraan Sportman van die Jaar-trofee het aan lt.kol. Herman van Niekerk gegaan. Laevelder 7/10/94




*Hierbo:* ***SG Swaziland No 546, Olimpiese Spele Seoul. 35c Taekwondo.***





***Links:*** *Masjien kansellasie, Nelspruit, 22-12-1994, 17:00.*

**Foto bo:** Kata (Skyn geveg).

**Foto regs:** Kumite (gevegte).








***Hier bo:*** *Die seël hierbo is uitgegee deur die RSA op 2 Desember 1976, Gary Player. Geen Watermerk en Pref. 12½ x 11½ SAKK No 413.*

***Links:*** *Die agterkant van die informasie kaart van eerste dag koevert, no. 2.20, wat saam met bogenoemde seël uitgereik is. Die foto toon Gary Player wat besig is om af te slaan. Die naam Gary Player is legendaries in die wêreld van gholf en hy is 'n inspirasie vir menige sportmanne.*

**Hier onder:** Een van Kommandement Oos-Transvaal se Jaarlikse Prestige Gholfdae. Vlnr: Toe nog Kol van Zyl, Kol Le Roux, Kol Snyman en Lt Kol van Niekerk (die uwe).
Foto: Amptelik



**Jag.** Die drakrag van 'n spesifieke stuk grond of wildsplaas bepaal hoeveel wild op die plaas volhoubaar kan wei. Daarom is dit noodsaaklik om wild getalle te beheer. Dit is om hierdie rede dat ek jag en dan om, op die koop te, lekker biltong, droë wors en vleis te kry. Vir my is die gesig van wild wat wei aangenamer as om te jag.

Van die wildsoorte wat ek vir vleis sal jag is Koedoes, Rooibokke en Elande.

***Hier onder:*** *'n Samehangende strook seëls (uit 'n vel van 100 regs bo) wat die Blou Wildebees, Eland, Koedoe, Rooibok en Waterbok uitbeeld. Hierdie seëls is uitgereik deur die RSA in 1998 (18 Mei) onder die tema "Suid-Afrikaanse Wild". Dit is 'n herontwerp van die sesde vaste reeks. SAKK RSA No. 1083-1087. Geen watermerk, samehangende druk met fosfor raam. Standaard pos.*





***Foto hier onder in die middel:*** *Hier is ek by 'n Koedoe bul wat ek met my .303 Lee Enfield geskiet het. Foto: Andrè Britz.*

***Regs onder:*** *Sigaret kaart: "Ons is". Volgens die olieverfskildery deur kaptein Neville Lewis (amp. oorlogskunstenaar). Drie van die geharde, sterk kêrels, tipies van die Suid-Afrikaanse magte wat deur die Abessynse veldtog geveg het, rus hier in die woestyn in die opmars oor daardie verlate landstreek. Die een linksstaan met sy Lee Enfield slot aksie en magasyn gevoer.*

***Hier onder:***
*'n Seël van Ierland. SG Ierland No.128. Vaste uitgawe, Tipe 24, 2 ½ d blou. Soldaat met sy 303 Lee Enfield.*





# Oos-Londen

Soos dit nou maar gegaan het met weermaglede word ek weer verplaas en in Januarie 1995 begin ek diens as Tweede-in-Bevel van Groep 8 in Oos-Londen, Kmdmt Oos-Kaap.





**Bo links:** Ons lê besoek af by een van die eenhede. Op foto vlnr: Brig. Jock Harris (Hoof van Staf Kmdmt Oos-Kaap, Kol. Otch Otto (Bevelvoerder Groep 8), Kol. Frans Ebersohn (Senior Staf Offisier Personeel Kmdmt Oos-Kaap en Lt Kol Herman van Niekerk (Tweede-in-Bevel Groep 8). **Bo regs:** Die nutria skouerflits van Groep 8.




*Links: SAKK RSA, 199525 Mei, Rugby Wêreldbeker Toer-nooi 1995, geen wmk.,Perf.14,Stan-daard pos, vel van 10.*

*Onder: Masjien kansel-lasie met 7 golwende lyne van Oos-Londen gedateer 1995-06-10.*



# *Pretoria*

Na slegs 1 jaar in Oos-Londen word ek, met bevordering na Kolonel, verplaas na SA Leërhoofkwartier in Pretoria.




**Hierbo:** Skouerflits van SA Leër HK. ***Koevert bo:*** *Hierdie koevert is gestuur deur wyle Mnr. Paul van Zeyl (adres op keersy en bekende in Filatelie kringe) na Johannesburg. Ink straal kansellasie ( wat reeds voor 1994 in gebruik gestel is) van Pretoria met slagspreuk "Prevent Aids" gedateer 1996-04-12. Die los datumstempel is waarskynlik deur die ontvanger aangebring nadat dit in ontvang geneem is.*

**Foto onder:** In my laaste jaar voor aftrede passeer my seun Johan uit nadat hy vormingsopleiding vir offisiere in die Lugmag voltooi het. *Foto: Amptelik*



**Filatelie.** Sedert die ouderdom van 12 het ek begin om seëls te versamel van regoor die wêreld, maar in 1993 wend ek my tot die studie van seëls met my hoof fokus die Unie van Suid-Afrika.

**Foto onder:** Die uwe besig om seëls uit te sorteer. *Foto: Elize van Niekerk.*








***Koevert onder:*** *1932 Lugpos Suid-Afrika. Eerste gereelde lugpos Londen – Kaapstad. Geregistreerde koevert met 4d en 1/- gekanselleer met stempel van Victoria Wes – 2.2.32.tyd kode A (Putzel No. 11) asook registrasie stempel. Vlieënier – Casperethus. Sover bekend bestaan daar nie veel van hierdie koeverte wat geteken is nie (aldus Allan Raw Philatelics, Queensburgh).*

***Seëls regs bo – boonste seël:*** *SAKK 1910 4 November. Opening van die Unie Parlement. Ontwerp deur H.S. Wilkinson. Reses druk deur De La Rue & Kie. Tweetalige inskripsie. Wnk. Veelvuldige Rosette. Kamtanding. Perf. 14. Gedruk in velle van 120 (12x10). No 1a. Blou op wit papier.* ***Stempel:*** *Uitenhage, 4 Nov. 1910, Putzel no. 18.*

***Seëls regs bo – onderste seël.:*** *SAKK 1913 1 September, No 16a. Dowwe Olyf Groen. Gekanselleer.*



# Pensioen

**Einde van 'n loopbaan.** Op 30 November 1998 eindig my loopbaan as soldaat na verskeie ligte beroertes en 'n finale ernstige beroerte. Ek word medies afgelê en omdat ek nie kon skryf nie en gesukkel het om te praat begin 'n lang stryd na herstel.



**Hierbo:** Kolonel H.A van Niekerk MMM SA St. K Leër. 1973-1998.


***Seëls onder:*** *SAKK 1987 19 Nov. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Geen Wmk. Perf. 14. 16c Bybel vertaling in 75 tale; 50c Rembrandt se "Mattheus en die Engel"; 30c Rembrandt se "Belsasar se Fees"; 40c Die Woord.*







***Koevert onder:*** *'n Koevert wat aan my oorlede vader gepos is op 24 Augustus 1970 vanaf die Bourketon Poskantoor toonbank 1. Die seëls: SAKK 1070 24 Augustus. 150ste Herdenking van die stigting van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en bestaan uit 'n 2½ en 12½c seël wat onderskeidelik die saaier en die geopende Bybel aandui. Watermerk RSA tête-bêche en Perf. 13½ x 14.*



# *My Gesin*

**Foto onder regs:** Vroulief Elize links agter, seun Johan regs voor en dogter Elisia links voor. Foto: Snappy Snap Studio Pretoria.



**Elize:** Weens my gedurige betrokkenheid by Filatelie het Elize begin belangstel in Temas. Hier is 'n paar van haar temas:



***Voëls hier bo:*** *Sigaret kaart van Emoes in aksie.*




***Prinses Diana links:*** *Seël van Diana. SG GBR 1998. Diana Prinses van Wallis Herdenkingreeks. Tipe 1338, reeks van 5 seëls, 26p.*




***Treine links:*** *SAKK Namibië, 1994, 5 Aug. Stigting Mini Vel, 80c op onbedekte papier. Kom ook voor met bedekte papier.*

***Padvervoer regs:*** *SG Italië, May 1950 32ste Internasionale Motor Skou in Torino, 20 lire, Alfa Romeo 6C 2500 "Villa d'Este coupè".*




**Johan:** Matrikuleer in 1998 en sluit by die SA Lugmag aan, in 2009 bedank hy om fotografie op passasiers-skepe te beoefen. In 2014 is hy Rusland toe waar hy getroud is en in 2022 na Israel waar hy by 'n Veilinghuis werksaam is.

***Seëls onder:*** *SAKK RSA, 1995, 1 Feb. 75ste Herdenking van die Eerste Trans-Afrika Vlug en 75ste Jaar van die Suid-Afrikaanse Lugmag. Geen wmk. Perf. 14. 50c De Havilland en Cheetah D en 95c Silver Queen.*














**Middel Bo:** Die grootste skip waarop Johan diens gedoen het was die "Oasis of the Seas" hy was toe reeds 'n 1ste klas fotograaf en het ook diens gedoen as assistent bestuurder in die fotografie laboratorium. Foto: Baldwin040 – Own Work, CC BY-SA 3.0 Wikimedia.

***Seël links bo:*** *In Rusland was Johan en sy vrou woonagtig in Kaliningrad. Die seël dui Michael Kalinin aan na wie Kaliningrad vernoem is nadat Königsberg deur die Duitsers aan die Soviet Unie gegee is na afloop van WOII. SG Rusland 1975, T 1715, No. 4449, Honderdste Jaar Herdenking van die geboorte van M.I. Kalinin (staatsman), 4k bruin.*

***Seël regs bo:*** *Bale Katalogus van Israel 1990, 4 September1979, (jaar van Johan se geboorte – 4 Oktober), 50ste Herdenking van die Joodse Agentskap, Perf.14x13,Motief – Simbolies met etiket.*

**Elisia:** My dogter Elisia het 'n voorliefde vir katte.

***Koevert onder:*** *SAKK RSA,1972 19 September. Honderdjarige herdenking van die D.B.V. Eerste dag koevert met 2 seëls. Seëls: Swart en Wit Siamese Katte. Wmk. R.S.A. tête-bêche op fosfor papier. Perf. 14.*

